# Ons gee God se Hoop en liefde aan

## Diensnuus
## 17 Mei 2026





**09:30 Nagmaal/Kategese / Heidehof Besoek**
**09:00 Botrivier Nagmaal :Ds. Willem Lubbe**
**10:00 Jongensklip Erediens gelei deur Ds. Werner van den Heever**

## 01 DAGBOEK :

17-21 Mei: Botrivier Pinkster 17:30
Solitaire Pinkster 18:00

3 Junie: Kerkraadsvergadering (verkiesing)

7-11 Junie : Jongensklip Pinkster 18:00

## ONS BID VIR :

Charl Cloete
CG Volschenk
Barendo Fourie
Pieter Le Riche
Sugnet van Sittert
Bennie Basson
Pieter van Jaarsveld

***Troos:*** Ons dink aan Sarah van Wyk en Shireen Rabie met die afsterwe van hul seun en broer.

## 02 LANGTERMYN ONDERSTEUNING:

Leoni Blom
Riëtte Steyn

## 03 UITNODIGING OM SAAM TE BID:

**Waar:** Kleinsaaltjie (Dienssentrumsaal)

**Wanneer:** Sondae oggende
08:45–09:20

Ons visie is: Om God se hoop en liefde aan te gee. Dit is ons toets aan al ons aksies.Ons as gemeente gaan saam bid oor ons roeping (hoe ons by die visie uitkom).



## 04 DOOPHANDJIES:

**Sondag 31 Mei**, direk na kerk, bied ons weer 'n geleentheid vir kinders om hulle handjies in klei af te druk teen R95 /Teëltjie. Skakel gerus die Kerkkantoor om jou plekkie te bespreek.

## 05 ALGEMENE INLIGTING:

**SAAM BID:**

*Woensdae oggende*: 06:45 Laerskool Overberg
Donderdae oggende: 05:00 Gebedskamer

Snap here to pay
SnapScan

SnapScan is beskikbaar tussen banke. Dankie

https://pos.snapscan.io/qr/PXA0221

## 06 DIENSBEURT:

**17 Mei**
Freesia

*Baie dankie*

**24 Mei**
Fynbos

## Gedagtes oor afgelope Pinkster.

Hoe uitermate bevoorreg was jy nie om die afgelope week weer nuut te kon kyk na jouself, na ander, na die lewe en na die Drie-enige God nie?

Ek dink soms met hartseer aan mense wat vol smart en donker, selfbejammering en ellende leef, dat hulle nie net die moeite kon doen om hierdie week se vernuwing van ons gedagtes saam met die gemeente te beleef en te ervaar nie.

Ek wonder hoe kan ons as gemeente die wat swaar dra by hierdie kosbare plekke kry sodat ons saam kan groei. Dan besef ek in Christus het ons al die tyd, krag, dryf en durf om nooit moeg te raak en hoop te verloor nie.

Tog word ek bewus dat ek net so ellendig en beklaenswaardig is as dit nie vir Christus se groot genade en kosbare bloed is nie, en dat Pinkster ons nie red nie, maar Christus alleen.

Vir my was dit so broodnodig om te kon hoor wat ons in Christus, deur die Gees reeds ontvang het. By alle gawes ook die krag van ons gedagtes wat alles in ons nuut maak en ook ons liggaam vol lewe, dankbaarheid en energie.

Ek het weer ontdek dat ons nooit sonder die Gees se leiding ons gedagtes moet gebruik nie. Dit lei tot verworde en skewe begeertes en drome. Maar deur Hom word ons gerig op die bron van alle lewe, Jesus Christus self. Dink ons sy gedagtes en lewe ons totaal nuut, oorwinnend. Kan ons elke dag alle vrees en doodsheid verdryf en ten volle leef soos God bedoel het.

ESEGIËL 16:6 AFR83
[6] “Toe het Ek verbygekom en jou in jou bloed sien spartel. Ek het vir jou daar waar jy in jou bloed gelê het, gesê: ‘Leef!’ Ja, Ek het vir jou daar waar jy in jou bloed gelê het, gesê: ‘Leef,

Groete en liefde
Awie

## Preeknotas:

JOHANNES 15:1-5 AFR83

[1] “Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. [2] Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra. [3] Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het. [4] Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. [5] “Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.

1. Dink terug aan die afgelope week. Wat is kragtige geskenke wat ons van God ontvang het.

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

......................................................................................................................

2. Ons moet ons gedagtes vernuwe met God se gedagtes.

3. Sy woorde laat ons baie vrug dra.

4. Sy Woord het vlees geword en onder ons kom woon. Na Pinkster leef Hy in ons deur sy Gees.

Gal 2:20

.........................................................................................

5. Om ten volle in die Wynstok te leef, moet ons Christus ken. Sy stem hoor. Dan sal ons onderskei wat goed en reg en waar is.

6. Wat is die mees positiewe gedagte wat in jou denke kan leef van nou tot in die ewigheid?

................................................................(leidraad, die liedjie se woorde.....)

## VERJAARSDAE:

| Naam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Annalien | Jordaan | 05/15 |
| Maureen | Steyn | 05/15 |
| Trien | Nel | 05/16 |
| Barend | De Kock | 05/17 |
| Daniel | Le Roux | 05/17 |
| Toeks | Matthee | 05/17 |
| Litriecia | Pieters | 05/17 |
| Anna | Rose | 05/17 |
| Gert | Botha | 05/18 |
| Jaco | De Kock | 05/18 |
| Brinkie | De Kock | 05/18 |
| Leandre | Fourie | 05/18 |
| Roché | Wessels | 05/18 |
| Danie | De Bruyn | 05/19 |
| Elizane | Du Toit | 05/19 |
| Jan | Fick | 05/19 |
| John | Hauman | 05/19 |
| Rita | Jackson | 05/19 |
| Godfried | Kroes | 05/19 |
| Ruald | Pretorius | 05/19 |
| Nicola | Whiteman | 05/19 |
| Erika | Du Toit | 05/20 |
| Jeanette | Hauman | 05/20 |
| Hettie | Lötter | 05/20 |
| Suzette | Myburgh | 05/20 |
| Hansie | Smal | 05/20 |
| Frans | Steyn | 05/20 |
| Lukas | Van Niekerk | 05/20 |
| Gideon | Kotzé | 05/21 |
| Christelle | Victor | 05/21 |
| Riana | Volschenk | 05/21 |
| Tobie | Fourie | 05/22 |
| Huibré | Schwartz | 05/22 |
| Helene | Van Niekerk | 05/22 |
| André | Du Plessis | 05/23 |
| Malan | Mouton | 05/23 |
| Jaco | Rossouw | 05/23 |
| Elsabe | Smit | 05/23 |
| Henna | Stone | 05/23 |
| Marnè | Uys | 05/24 |

---

## MaranathaVoedsel projek:

### Jeffrey Wolfaardt:

Ons as gemeente reik weekliks uit na werklose en hawelose mense in ons gemeenskap. Bid saam vir hulle eensaamheid en ellende. Bid vir hul verlossing in Jesus Christus. Ons hou rekord van elkeen se verhaal en belowe om vir hulle te bid en te help waar moontlik.
Bv warm klere en komberse, werkverskaffing, respek, aanmoediging en kos dmv die Maranatha voedselprojek.

